



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN - 2021

1 April 2021

Ontvang hiermee die vraestelle vir die Bybelkennis eksamen vir 2021.

DIE VOLGENDE WORD DRINGEND ONDER U AANDAG GEBRING:

1. Die toetse word vanaf die eerste Sondag in Mei afgelê. Die vraestelle is beskikbaar vir aflaai op die webblad van die AP Kerk vanaf 1 Mei 2020. U kan egter die eksamens op enige ander datum aflê aangesien u self die vraestelle merk. Ons sal dit egter waardeur indien die uitslae die KJV nie later as 31 Oktober sal bereik nie. Voorsiening word gemaak vir enige gebeurlikhede soos bv. Skool programme of enige ander gebeurlikheid in elke gemeente se gebied.
2. Die vraestelle word hierdie jaar weer in dieselfde formaat afgelê. Soos verlede jaar sal u sien dat elke graad asook die belydende lidmate 'n vraestel asook 'n antwoordstel ontvang. Die vraestel bevat alle vrae, maar die antwoorde moet asb. op die antwoordstel soos aan elke graad afsonderlik verskaf ingevul word. U sal op elke graad se vraestel merk dat daar by die opskrif van die vraestel staan: *Vraestel* of *Antwoordstel*. Dus word geen antwoorde op die vraestel self ingevul nie, maar word alle antwoorde op die antwoordstel van die betrokke graad ingevul. Wanneer die deelnemer sy of haar vraestel klaar geskryf het word slegs die antwoordstel ingeneem. Indien u die vraestel oor verskeie weke aflê kan u die vraestel ook inneem.
3. **Die antwoordstelle word NIE na die Sentrale Kerkkantoor gestuur vir nasien doeleindes nie. Elke gemeente sal hulle eie antwoordstelle merk.**
4. U moet self die vraestelle dupliseer na gelang van die aantal kinders in 'n graad wat die toetse gaan skryf in u gemeente.
5. Die vraestelle moet nie vooraf aan verbondsvoogde beskikbaar gestel word nie. Dit mag ook nie vooraf met die kinders behandel word nie. Die doel van die eksamen is om die kennis van die kinders te toets. Gebruik asseblief die geleentheid om hierdie doel te bereik. **Dit is dus nie 'n oopboek eksamen nie.**
6. Verbondsvoogde moet toesien dat kinders nie by mekaar afskryf nie. Talle gevalle is in die verlede opgetel waar kinders opvallend dieselfde verkeerde antwoorde gegee of dieselfde foute gemaak of dieselfde foute reggemaak het.
7. **Elke gemeente kontroleer self die aantal persone wat die eksamen aflê. Die memorandums sal DV op 1 Julie 2021 op die webblad beskikbaar wees vir aflaai. Elke gemeente laai die memorandums en die pro-forma puntestaat af. U merk self u vraestelle en stuur die resultaat per puntestaat aan francois.debruin@apk.co.za vir rekord doeleindes.**
8. Die tydige beskikbaarheid van die uitslae stel u in staat om plaaslik die druk van sertifikate te doen. 'n Voorbeeld en uitleg van die sertifikaat sal ook op die webblad beskikbaar gestel word. U sal self die sertifikaat kan druk of skryf. U kan met Ds. Francois de Bruin skakel indien u probleme met die sertifikate ondervind.
9. Hierdie eksamen het praktyk in ons kerkverband geword. Bybelkennis is van onskatbare waarde en ons vertrou dat u soveel moontlik kinders en volwassenes in u gemeente sal motiveer om daaraan deel te neem.

Ek dank u hartlik by voorbaat. Groete in Christus..

Ds. JS Coetzee
Sel: 082 386 7675

Ds. Francois de Bruin
Sel: 082 857 9098